Stella straat

Psalm 8:1-10

"Bron van lewe"

Tuis-Adoramus 7 Junie 2020

geskryf deur Anton Pienaar 083 458 8712

Tema: "Bron van Lewe"

Teks: Psalm 8:1-10

Liewe Vriende,

Ons moedig dit aan om die Tuis-Adoramus ook as 'n "Stiltetyd-nadenke" (Bybelstudie) te gebruik. Dit beteken dat jy die Tuis-Adoramus ook in die week kan gebruik om voor die Woord en die Here stil te word.

INLEIDING

Dit voel vir my ons stil-word kry in die corona-era dieper betekenis. Ons kry baie meer kans om alleen te wees, om nadenkend dit wat in die wêreld aan't gebeur is, te integreer met ons eie lewe en dood.

AANSTEEK VAN DIE KERS

Doen iets om atmosfeer te skep waar jy sit, byvoorbeeld deur 'n kers aan te steek. Begin dan met die volgende gebed in Psalm 43:3: "Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei en my bring na u heilige berg, na u woning!"

SANG EN MUSIEK

Daar is 'n pragtige snaar-weergawe van Liedboek 286 op die internet.
Gebruik hierdie skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=zxlMpyd15Sw

AGTERGROND VAN DIE TEKS

Vandag word ons gedagtes gehelp met een van die wonderlikste liedere wat daar ooit geskryf is. Psalm 8 is in enige vertaling een van daardie liedere wat jou 'goed' laat voel terwyl jy dit lees. Hoe is dit moontlik dat die Bron van Lewe my só lief kan hê?

Kom ons fokus nou op die Psalm. Lees dit stadig deur en kies vir jou 'n vers. Memoriseer die vers. Wat dink jy wil die Here vir jóú deur die spesifieke vers sê? Al is die hele Psalm mooi, probeer net dink aan één vers of één gedeelte.

Psalm 8:1-10

- Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.
- As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis.
- Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde.

NADENKE

Wanneer ons nou vir ongeveer 10 minute gaan stil-word, dink ons aan die vers soos 'n diamant. Jy kan hom uit alle hoeke beskou.

- Wat sê die vers oor jóú lewe?
- Wat sê die vers oor mensheid in die algemeen?
- Wat sou jy graag vir die Here wou sê?

GEBED

Dankie Here God van liefde, dat ons deel van die skepping kan wees. Dankie dat ons nóú kan leef. Dankie dat ons kan dink oor die wonder van lewe, en dat ons kan meedoen om die wonder te laat 'voortleef'. Amen

MUSIEK

Soms is daar uit die gospelgenre liedere wat jou meevoer. Een daarvan is John Alexander Wilson se weergawe van Psalm 8. Dit is pragtig en die eenvoudige melodie wil jou sommer laat saamsing. 'n Mens se hart word 'warm' as jy daarna luister en die pragtige beelde sien wat die teks aanvul.

Hier is die skakel https://www.youtube.com/watch?v=vlC7ZVt4OKg

SEëNBEDE

Christus se vrede vir jou vandag.